

Nuwe(r) aantekeninge by 'n ou gedig: A.G. Visser: "Lotos-land"

Leona Venter

Opsomming

Eugène Marais se maatstaf in die "Voorwoord" by A.G. Visser se *Gedigte* (1925) is dat die "hoogste toets" van die werklike waarde van 'n gedig daarin bestaan dat die leser na die teks teruggedwing word op grond van die *genot* wat hy daaruit put. Nadat die kritiek Visser lank wipplank laat ry het, word hy aan die einde van die sewentigerjare gekrediteer vir sy geestige gedigte en sy bewuste omgang met ander tekste. Die gedig "Lotos-land" dien in hierdie artikel as voorbeeld dat daar met genot na die gedig "teruggegaan" kan word op grond van Visser se vroeë intertekstuele vaardigheid en dat die gedig hom leen tot 'n beskrywing in terme van die hedendaagse literêre teorie. Eksplicit aanwysbare en implisiet meesprekende tekste (op grond van die titel en merkers in die gedigliggaam) word nagegaan. Visser se bewuste omgang met ander literatuur blyk ook daaruit dat hy in teenstelling met sy tydgenootlike *historiese* literatuur die gedig normdeurbrekend as "onhistories" aanbied. Ook twee Nederlandse idiome en 'n skildery van Bruegel verryk die vindingryke *ruimte* wat Visser skep deur 'n permutasie van tekste. Die gedig is voorts 'n "ouer"-teks vir later gedigte waarin ander outeurs eksplisiet of by implikasie te berde gebring word.

Summary

Eugène Marais proposes in his "Voorwoord" to A.G. Visser's *Gedigte* (1925) that the ultimate norm for evaluating literature is whether the reader is compelled to return to the text as result of the *pleasure* he derives from it. After fluctuating criticism, Visser is credited in the late seventies for his humoristic poetry and his intricate intellectual play of reference and transposition. The poem "Lotos-land" is an example of this early intertextual dexterity to which contemporary literary theory can functionally be applied. Explicit and implicit intertexts (by means of the title and markers in the poem) are investigated in the article. Visser intentionally presents his poem as "unhistorical", in that way commenting on his contemporary *historical* literature. Two Dutch idioms and a painting of Bruegel also contribute to the complex setting Visser creates by a permutation of texts. The poem is moreover a "parent" text to later poems in which other authors are brought to mind explicitly or by implication.

Eugène Marais lê in die "Voorwoord" by A.G. Visser se *Gedigte* (1925) die maatstaf aan dat die "hoogste toets" van die werklike waarde van 'n gedig – soos van enige kunswerk – daarin bestaan dat die leser na die werk teruggedwing word op grond van die *genot* wat hy daaruit skep (Visser 1926: vii).

Daar word ook om ander redes na gedigte (en digters) teruggekeer – byvoorbeeld met die kwart-, half- en eeufeste van kunstenaars. Ek dink maar aan die aandag aan Leipoldt rondom sy eeufeesjaar in 1980. Vir Visser is daar nie na honderd jaar in 1978 'n versamelbundel nie – wel verspreide artikels, entoesiastiese feesvierings en 'n keur uit sy gedigte deur F.I.J. van Rensburg byeengebring onder die titel *Roos en lanset*. Die "Voorwoord" hierby verduidelik dat 'n deel van Visser se werk nie die fort kon hou nie; dat 'n deel die slagoffer van "grondige smaakverandering by die literêre publiek" was (veral ten opsigte van die liefdes- en vaderlandse gedigte); dat sy

kindergedigte hulle waarde behou het en dat die geestige gedigte "’n toegenome waardering beleef het wat ’n mens byna fenomenaal kan noem". Merwe Scholtz suiwer in 1981 die versuim teenoor Visser aan met ’n volledige *Versamelde gedigte*. Dit bevat as inleiding ’n uitvoerige oorsig oor (en kritiek op) feitlik alles wat tot op daardie datum oor Visser se poësie gesê is.

Die kritiek het Visser deur die jare heen wipplank laat ry.¹ N.P. van Wyk Louw (1954: 156) raak byvoorbeeld in die dertigerjare die so dikwels aangehaalde "bose sinnetjie" kwyt: "Ek wil dit nie wreed sê nie, maar verbeel jou die volk wat ’n literatuur van A.G. Vissers het, of waarin A.G. Visser een van die hoogtepunte is". Later (vóór 1958) sê Louw (1979: 105) in ’n radiopraatjie oor Visser: "hoe ouer ek word, hoe groter die plesier waarmee ek hom lees". (’n Resepsienota hierby – wat Visser seker oor die perd sou tel – sou wees: "Some works refuse to open to us until we are sufficiently mature" (Scholes 1982: 35).) In sy herevaluering merk Louw (1979: 109) op dat die digter met ons ’n "ingewikkelde intellektuele speletjie van verwysing, en omsetting" speel: "hy praat met ons as ’t ware op twee, drie vlakke van taal gelyk".

Opperman (1974: 8–18) staan in die vyftigerjare baie krities teenoor Visser (en Louw!) in sy "beantwoording" van Louw se bogenoemde repudiëring in *Die Burger* en tipeer onder meer Visser se geestigheid as "beperk en eensoortig". "Toe Visser nog grappies gemaak het", sê Opperman (1974: 18), "het Toon van den Heever verkenningswerk gedoen vir die digters van Dertig."

Kannemeyer (1978: 254) kritiseer in die eerste deel van sy *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur* Visser se geestigheid as "hoofsaaklik beperk tot woordspelings, uitbreidings van bestaande gesegdes, parodieë en geestige transponerings" – wat vir my nie na beperktheid klink nie. Hy gee Visser krediet daarvoor dat die talle literêre verwysings en toespelings op die Afrikaanse literatuur ’n besliste wins in Visser se poësie is. Dit sluit aan by die "groeipunte" wat Grové (1978: 10) in Visser se eeufeesjaar uitwys: ’n sterk sin vir patroon (ondanks meermale "uiterlike vormdiens"); dat Visser openliker en meer bewustelik as enige van sy voorgangers binne ’n literêre tradisie gewerk het; Visser se boeiende "transponeringspel" (p. 11) en die "effektiewe aanwending van die gewone spreektaal" (p. 11).

Dit lyk asof die kritiek rondom 1978 (met graduele verskille) die klem op Visser se geestige gedigte en die bewuste omgang met ander tekste lê. Van Rensburg ((samest.) 1978: "Voorwoord") prys die "wye skaal" van Visser se geestigheid: "Dit strek vanaf goeie, lokalerige skerts tot virtuose spel wat plek-plek die flonkering van genialiteit vertoon." "Spel" weerklink ook in die positiewe evaluasie van Visser se "spel op ander kunstenaars se werk" en die verwysing na "toespelingsgedigte". Ook Réna Pretorius (1984: 41) praat in ’n huldebetoon aan Visser – in 1978 – van ’n "fyn integrasie van diverse materiaal wat ware vakmanskap verraai" in Visser se beste gedigte.

’n Mens sou dus om ’n derde rede na Visser kon "teruggaan": om teen die agtergrond van die "moderne" literatuurteorie aandag te gee aan voorbeelde van hierdie "transponeringspel" (Grové), "intellektuele speletjie van verwysing" (Louw), "integrasie van diverse materiaal" (Pretorius) – aan Visser

se vroeë intertekstuele vaardigheid. Ek kies die gedig “Lotos-land” uit sy eerste bundel (1926: 89) as voorbeeld.

Die hedendaagse poësiestudie gaan van die standpunt uit dat ’n gedig ’n teks is wat verbonde is aan ander tekste en die aktiewe deelname van ’n “skilled reader” nodig het vir die interpretasie daarvan (Scholes 1982: 40). Die teks word aangebied as ’n kommunikatiewe strategie. Tydens die generasie van die teks is die rol van die leser voorsien (Eco 1983: 3).

Intertekstualiteit is ’n gekompliseerde begrip met uiteenlopende uitleggings waarvoor baie geskryf is en waaruit ek net wat direk vir my doel ter sake is, aanstip. Dis in terme van Laurent Jenny “those texts which leave their relationship to other texts visible” (Todorov (ed.) 1982: 35). Die *sitaat* – ’n fragment van ’n ander teks – is ook volgens Thais Morgan (1985: 24) die mees direkte geval van intertekstualiteit of *eksplisiete intertekstualiteit*.

Die “intertext proper” is volgens Michael Riffaterre die korpus tekste wat die leser “wettiglik” met dié voor sy oë koppel – “the texts brought to mind by what he is reading” (Riffaterre 1980: 626). Die grense van die korpus is dus by implikasie verskuifbaar. Teoreties kan dit uitkring na gelang van die leser se toenemende leeservaring. “Ongrammatikaliteite” (“oop plekke” by Wolfgang Iser) is dikwels ’n vingerwysing na ’n interteks. In die geval kan gepraat word van *geïmpliseerde intertekstualiteit*.

Renate Lachmann (1983: 66–67) praat van die skep *van* literatuur uit literatuur, dus ’n bewuste verder skryf en weer skryf. Harold Bloom vereng die konsep van intertekstualiteit tot ’n relasie tussen ’n teks en ’n “particular precursor text, between a poet and his major predecessor” (Culler 1981: 107). Die teks verleng, voltooi, transformeer en sublimeer ander tekste: spesifiek “the central poems of a single great precursor” (Culler 1981: 108). Jonathan Culler (1981: 109) kritiseer Bloom se beperkte siening as bronnestudie van ’n tradisionele en positivistiese aard – wat juis deur die konsep *intertekstualiteit* in die ban gedoen moet word.

Jenny en Culler (om maar ’n stel te kies) verteenwoordig twee standpunte: volgens Jenny is intertekstualiteit alleen aan te dui “when there can be found in a text elements exhibiting a structure created previous to the text, above the level of the lexeme, of course, but independently of the level of that structure” (Todorov (ed.) 1982: 40). Culler skaar hom by Roland Barthes se opvatting dat ’n teks “refers to or cites bits of discourse which are ‘anonymous, undiscoverable, and nevertheless already read’” (Culler 1981: 114). Ander tekste is in elke teks op verskillende vlakke teenwoordig – meer of minder herkenbaar. “What founds the text is not an internal, closed, accountable structure, but the outlet of the text on to other texts, other codes, other signs; what makes the text is the intertextual” (Young (ed.) 1981: 137). Onder *interteks* word dan verstaan: ’n algemene veld van anonieme formules waarvan die oorsprong selde gelokaliseer kan word: ’n veld van onbewuste of outomatiese aanhalings sonder aanhalingstekens (Young (ed.) 1981: 39). Interteks is trouens geabsorbeer in die etimologie van *teks* as “weefsel” – iets wat geweef is. Dit gaan vir Barthes nie in die eerste plek om die semantiese eenheid nie, maar om assosiasienetwerke wat deur konnotasie geproduseer word (Young (ed.) 1981: 40).

Vir Julia Kristeva (1980: 36) is die teks 'n *produktiwiteit*, 'n *permutasie van tekste*, 'n *intertekstualiteit*.

Teen dié agtergrond – waaroor 'n mens graag Visser se kommentaar sou wou hoor – wil ek nou aandag gee aan "Lotos-land", seker die "mees intertekstuele" voorbeeld uit ons ouer poësie. Ek bespreek die aanwysbare verbande met ander tekste onder die hoofde 1. *Titelgewe* en 2. *Merkers van intertekstualiteit in die gedigliggaam*.

1 Titelgewe

Die gedig het 'n indrukwekkende kopstuk:

LOTOS-LAND

(Onhistories)

(Oppedra met erkentlikheid aan Perceval Gibbon)

en in kleindruk:

Let us swear an oath and keep it with an equal mind

In the hollow Lotos Land to live and lie reclined.

Tennyson

Elk van die komponente kan na ander tekste teruggevoer word. Ek doen dit in 'n veranderde volgorde:

1.1 "Lotos-land"

'n Teks wat in die leser se gedagte kom – "brought to mind by what he is reading" (Riffaterre 1980: 626) – is die mimetiese beskrywing van "die lotosland" in die sewende gedig uit Leipoldt (1925: 31) se *Dingaansdag* (1923). Dis die geïdealiseerde land waar Malie die slaaf vandaan kom: die "vry" land waar die lelies groei en die koningsblom bloei, dit altyd somer is en 'n "vrind"-elike wind oor die "geil-groen" veld waai. Visser verbind die titel "Lotos-land" nie soos die laaste twee komponente van die titelgewe aan 'n digter nie en die titel is alleen *by implikasie* 'n "outlet" op Leipoldt se gedig, maar die idilliese ruimte pas ideaal in die sfeer van die ruimte wat Visser in sy gedig skep.

1.2 Die Tennyson-sitaat

Volgens Morgan (1985: 24) se beskouing het ons hier *eksplisiete intertekstualiteit*: die sitaat as die mees direkte geval van intertekstualiteit. Die sitaat van Tennyson wat terselfdertyd 'n uitbreiding van die titel "Lotos-land" is, kom uit die agtste deel van die "chorus song" van die gedig "The Lotos-eaters" (Ricks (ed.) 1987: 474–476).² Op sy beurt is Tennyson se gedig tematies intertekstueel verbind met Homeros se *Odusseia* wat terugvoerbaar is na die jare 800–600 v.C. In die negende (van vier-en-twintig) boeke maak Odysseus hom bekend aan die Faiake, by wie hy op sy omswerwinge na die oorwinning oor Troje beland het, en vertel van sy wedervarings – onder meer van sy drie manne wat in die land van die Lotofagen (Grieks vir *lotuseters*) van die lotus geëet het. "Zodra zij nu de honingzoete vrucht van de lotos hadden gegeten,

wilden zij geen bericht meer sturen of zelf terugkeren, maar liever wilden zij daar blijven, bij de Lotofagen en zich vol eten met lotos en nooit meer denken aan huis” (Van Gelder (red.) 1959: 146). Odysseus moet hulle met geweld – “terwijl zij huilend verzet boden” (p. 147) – na die skepe sleep. Hier is dus ’n duidelike supplementariteit – ’n bewuste “verder skryf” van Tennyson ten opsigte van die *Odusseia*.

Die mense in Tennyson se gedig (wat waarskynlik om en by 1830 geskryf is) kom in ’n idilliese, vrugbare “land of streams” (Ricks (ed.) 1987: 469) aan. Hulle eet van die lotus en is slapend wakker of wakker slapend. In die tweede deel van die koor lui die vraag (Ricks (ed.) 1987: 471):

Why are we weighed upon with heaviness,
And utterly consumed with sharp distress,
While all things else have rest from weariness?
(My kursivering)

Die hele gedig reflekteer ’n “mild-minded melancholy” (Ricks (ed.) 1987: 473). ’n Traagheid van aksie en beweging bepaal die toon van die gedig waaruit die sitaat kom wat Visser (met geringe punktuasiewysiging maar onvolledig) gebruik. Die “voltooiing” is: “. . . to live and lie reclined/ On the hills like Gods together . . .” (Ricks (ed.) 1987: 476). Juis die aardsheid van Visser se gedig bewerkstellig ’n geestige omkering.

1.3 Perceval Gibbon

Visser se erkentlikheid aan Perceval Gibbon mag terloops klink, maar die verskuldiging is groot. Gibbon was oorlogskorrespondent in Europa, Amerika, Suid- en Oos-Afrika. In die laaste jare van die Anglo-Boereoorlog was hy verbonde aan die *Natal Witness* en skrywer van verdienstelike verse en prosa oor Suid-Afrika. Die bekendste is die verhale wat vervat is in *Vrouw Grobelaar’s Leading Cases* (1905) – vertaal as *Transvaalsche vertellings van Vrouw Grobelaar*.³ (Ek werk met die vertaling omdat dit taalsgewys nouer met Visser se gedig skakel.) Die vyfde hoofstuk bevat ’n Sondagmiddagse “vertelsel” van (verbandhoudend met Visser se gedig) die “vrij omvangrijk(e)” Vrouw Grobelaar (Gibbon 1905: 3) oor Piet Naudé se trek “en hield een gewichtige moraal in” (Gibbon 1905: 33; my kursivering). In breë trekke is die vertelling “omgedig” in Visser se “Lotos-land”. Die Trekkers kom volgens Gibbon se verhaal in ’n “wonderschoone vlakte” aan. Alles verloop so voorspoedig “dat een soort luiheid over hen kwam” en hulle “heel dik werden” (p. 36). Wat in Tennyson se gedig ’n emosionele “weighed upon with heaviness” is, is by Gibbon en Visser fisieke gewig: *vet*. Gibbon en Tennyson se tekste kruis (“intersect” volgens Kristeva (1980: 36)) in Visser se teks, wat dan inderdaad ’n permutasie van tekste blyk te wees – om dit simplisties te stel.

Naudé, gesekondeer deur Hendrik van der Merwe (by Visser Koos van der Merwe), besluit (by Gibbon) om nie langer te bly nie en gaan terug. Die disjunkte “moraal” van die vertelling is “dat ge je ouders moet gehoorzamen, je psalmen moet leeren, vroeg op moet staan, de deur achter je dicht moet

doen, altijd de waarheid moet zeggen en je neus moet snuiten" (Gibbon 1905: 38). Vergelyk dit met die slot van Visser se gedig:

Kyk, kinders, en nou kom die kwessie,
 Wat 'n mens uit die storie moet leer:
 Vergeet, nommer een, nooit die les nie,
 Vet of maer, om jul ouers te eer!

Of mense al gekskeer of hoe maak,
 Praat die waarheid rondborstig pront-uit;
 Onthou dat julle deure moet toemaak
 En vergeet nie jul neuse te snuit!

'n Mens dink aan Dekker (1961: 112) se mislesing: die verwysing na die "opsetlik dwase slot" van "Lotos-land". Ook in die bespreking van "*Gedigte, en Rose van herinnering*" in *Ons eie boek* in Junie 1940 (vergelyk A.G. Visser *in beeld*, p. 91) sê Dekker: "Let bv. op hoe hy (Visser) in 'Lotos-land' spot met die populêre opvatting dat elke storie tog 'n lessie moet leer en nou lap hy daar 'n lessie aan wat met die gedig totaal niks te doen het nie!" Die saamlees met die Gibbonteks trek 'n streep deur die geestigheid wat aan Visser toegeskryf is hiervoor. Daar is ook 'n ander toeligting via Gibbon se verhaal. Die aangesprokenes in Visser se gedig – "kinders" – het 'n intertekstuele motivering daarin dat Vrouw Grobelaar haar tot kinders rig en "klein Koos" (Gibbon 1905: 38) verneem na die "moraal".

1.4 "(On)histories"

Die aanspraak op "onhistories"-heid aktiveer juis die Bybelse en Trekgeskiedenis as intertekste. Opperman & Nienaber (1968: 106) merk op dat die geestige siening op die Groot Trek volgens die "fabel" van Gibbon en daarom "onhistories" is. Ek glo nie dat dit al is wat Visser met die titelkomponent voor oë gehad het nie.

Hier is 'n bewuste normdeurbreking – in Jurij Lotman se taal die *estetiek van opposisie*. Die historiese Groot Trek is met gewyde erns in die Afrikaanse letterkunde geabsorbeer – vergelyk maar A.D. Keet (1922: 82) se "Voor-trekkerlied", asook Langenhoven in *Eerste skoffies op die pad van Suid-Afrika* (1921). In laasgenoemde kom die gedrae gedig "Die grote trek" (p. 39 e.v.) voor. In plaas van "rykdom, wellus, weelde, gemak" (p. 42) – wat klink na profetiese voorkennis van Visser se gedig – is daar vóór net 'n "rasende woesteny" (p. 43). Vetrivier – wat Visser semanties so gerieflik gebruik (moontlik die gesmelte vettes) – is by Langenhoven die plek waar Retief met groot nederigheid sy leierskap aanvaar.

Ook die baie historiese motiverings in die tydgenootlike letterkunde val op. Veral Celliers is kwistig met historiese plasing – ek noem maar *Die saaiër en ander gedigte* (1923). Onder die gedigtitel "'n Insident in die burgeroorlog 1914" (Celliers 1933: 39) kom eksplisiet die onderskrif "(Histories)" voor.

Teen die histories "waar" tekste bied Visser sy gedig – skalks tussen hakies – willens en wetens as "onhistories" aan.

Die kopstuk van die gedig "Lotos-land" stel dus reeds 'n teks-as-weefsel in die vooruitsig: 'n assosiasienetwerk wat deur konnotasie daargestel word.

2 Merkers van intertekstualiteit in die gedigliggaam

Ek volstaan hier met enkele voorbeelde:

2.1 Subtitels

“Lotos-land” se eerste twee afdelings “Exodus” en “Kanaän, O Kanaän!” absorbeer (en transponeer) die betrokke Bybelse gegewe (’n uittog of trek en die land wat oorloop van melk en heuning). Verder is daar vier afdelings met grootdoenerige Latynse subtitels: “Adispositas Praecox” (’n mediese term vir vetsugtigheid), “Naudé loquitur” (Naudé praat), “Vox Populi . . .” (Die stem van die volk . . .) en “Haec fabella docet:” (Hierdie storiëtjie leer:) – al die vertalings volgens Opperman & Nienaber (1968: 106). Hierdie indeling getuig van die “sterk sin vir patroon” wat Grové (1978: 10) by Visser waardeer. Verder dra dit deur die diskrepansie van die deftige gedraenheid (wat die tydgenootlike poësie kenmerk) en die banale gegewe by tot die geestigheid van die gedig. Dit is deel van die hiperbool wat Visser so kwistig aanlê. Met “Naudé loquitur” word ’n magtige spreke in die vooruitsig gestel (as ’n mens dit in die Bybelse konteks plaas) of dalk ’n wyse spreke (dink maar aan Friedrich Nietzsche se *Also sprach Zarathustra*). Naudé se banale spreke is by wyse van antiklimaks: “Te gronde gaan ons deur vervetting”. “Vox Populi” impliseer: “Die stem van die volk is die stem van God”. In Visser se gedig is dit die horisontale stem van die robuuste “ou rondes” om nie weer te trek nie. Die kontras met die melancholiese lotuseters by Tennyson behou ’n geestige spanning. (Terloops: in 1970 tref ons weer ’n “lotusetter” in die Afrikaanse poësie aan – die keer by Breyten Breytenbach (Jan Blom 1970: 109) – verder gebanaliseer en tuis in die konteks van Breytenbach se poësie van ontbinding.)

2.2 Jan F.E. Celliers: “Die ossewa”

Die eerste vers van die gedig is ’n woordelikse herhaling van die begin van Jan Celliers (1933: 59) se gedig “Die ossewa” uit *Die vlakte en ander gedigte*: ’n ernstige gedig oor die aard van die trekos. Die gedig bestaan uit vyf vierreëlige strofes met ’n hipnotiserende kruisrym en met een enkele metriese afwyking, naamlik in die laaste vers van die vierde strofe. In die tweede vers van “Lotos-land” word eksplisiet ’n *ontkennende* verband gelê met Celliers se gedig:

Die osse stap aan deur die stowwe:
– Nie die osse van Jan F. Celliers [.]

Die eksplisiete inskryf teen die “parent poem” (Bloom) is ironies in die lig van Beukes (in Beukes & Lategan 1956: 42) se bevinding dat Visser se gedigte ’n direkte voortsetting is van Jan Celliers se werk. Ten onregte – minstens in die geval van “Lotos-land” – praat Beukes van Visser se “onverwikkeldheid van inhoud en eenvoud van vormgewing”.

Visser maak ten opsigte van Celliers se gedig van parodie gebruik.⁴ Dis uitdruklik *nie* Celliers se osse en *nie* Celliers se wa nie, maar dis onmiskenbaar

Celliers se strofepou (hoewel vier-en-twintig in plaas van vyf vierreëlige strofes), sy rymskema (kruisrym) en basies sy ritmiese patroon met effektiewe versnellings. Visser verplaas die fokus van die os na die "gewigtige" trekkers, integreer Tennyson en Gibbon, die Bybel en 'n aantal tydgenootlike tekste – en kry op ongelooflike wyse die kloutjie by die oor en 'n komiese effek. Hy skep so een van die tekste wat volgens Jenny (Todorov (ed.) 1982: 35) hulle verwantskap met ander tekste sigbaar – en hoorbaar – laat.

"Lotos-land" val – met voorbehoud – in die kategorie *satiriese parodie*. Visser beoefen nie satire in die "strikte sin" wat Louw (1979: 123) "die groot, verbitterde satire" noem nie. Nietemin word menslike swakhede, ondeugde en wantoestande bespotlik voorgestel. Die gedig *is* nie bloot komies nie. Dit is gerig teen luiheid en verkeerde waardes: "human vice and folly" (Abrams 1971: 154). Dit is wat Abrams (1971: 155) as *indirekte satire* omskryf: van verhalende aard, terwyl "the objects of the satire are characters who make themselves and their opinions ridiculous by what they think, say, and do, and are sometimes made even more ridiculous by the author's comments and narrative style" – dink maar aan die grootdoenerige subtitels. Visser beoefen by uitstek die "transponeringspel": Celliers se *osse* is "geduldig, gedienstig, gedwee"; Visser se *Naudé* "word nie vervaard, ook nie kwaad nie". By Celliers is die *osse* "gebuk in hul beurende krag"; van *Naudé* geld by Visser: "Maar al bars dit, hy beur tog bo-uit". Os-eienskappe word dus vindingryk op die leier (terselfdertyd 'n geimpliseerde Moses) oorgedra. Die lot van Celliers se *osse* is uiteindelik:

Hul bene, na swoeë en swerwe,
lê ver op die velde verlaat

Dit resoneer só ten opsigte van *Naudé en Van der Merwe*:

Hul bene na swoege en swerwe
Is al weer van normale formaat.

Die gedig staan – met rede – in die afdeling "Erns in luim". Daar kan dus die "erns"-tige bedoeling wees om tot verbetering aan te spoor – soos gebruikelik by die satire. Geestigheid – die kwaliteit waarvoor Visser vandag algemeen erkenning kry – beteken nie noodwendig om "snaaks" te wees nie, maar om iets vernuftig en met "'n ratse dinkvermoë" – "wat van 'n lewendige gees getuig" (HAT) – te stel. Die "moraal" lê nie in die disjunkte slot nie, maar in die feit dat *Naudé en Van der Merwe* 'n keuse maak, teruggaan en die luiette die rug toekeer.

Visser parodieer Celliers se gedig in sy geheel. Met ander tekste gaan hy met verskillende grade van relevansie om. Hy betrek deur verwysing onder meer ook Langenhoven, Leipoldt, Totius en Malherbe.⁵ Op dié wyse doen Visser 'n soort sinchroniese vergelyking aan die hand – as 'n mens die tydgenootlikheid oor 'n tien, vyftien jaar versprei. Waar moontlike literêre verwysings (soos "Rouvolk" en "Oom Bart se Klein Bart") nie deur (hier)die leser se kennis gedek word nie, word dit as "oop plekke" of "ongrammatikaliteite" aanvaar, met die detail waarskynlik in 'n ander teks. Riffaterre benadruk dat dekodering nie van 'n herkenning van al die verwysings

afhanklik is nie. Die onnaspeurbare gegewens is “picturesque or realistic elements” in die mimetiese lees. “The text’s grip on the reader is exactly that of unconscious memory” (Riffaterre 1983: 238).

2.3 “Oom Neelsie se wa” en “Mismoedige Neelsies”

Min lesers sal nie in “Oom Neelsie se wa” die trem in Langenhoven se *Sonde met die bure* (1918) herken nie. Daarmee word nog ’n Exodus/trek geabsorbeer. Met “Mismoedige Neelsies” (in plaas van “Sagmoedige Neelsies” na analogie van die verteller in *Sonde met die bure*) boots Visser moontlik ook ’n Langenhovenhebbelikheid na. In die voorwoord by die eerste en tweede druk (albei 1921) is die naam “Sagmoedige Neelsie”. In die “Haastige voorwoord” by die derde druk in 1922 (Langenhoven 1950: “Voorwoord”) is die naam vervorm tot “Smeelsie” en “Sagmeelsie”. Visser sluit moontlik by dié willekeur aan.

2.4 “En daar voor kom die Kaffers al aan”

Die dreigende gevaar kom oral in tydgenootlike poësie voor. Daar is moontlik ’n intertekstuele verband met Malherbe (1930: 119) se gedig “Midernag” uit die bundel *Vir vryheid* (1919):

Dis donker, donker middernag
nader kruip die Soeloemag

of met Totius (1962: 193) se “Vegkop” in *Verse van Potgieter’s trek* (1923):

“swart kom die kaffers met driftige drang”.

By Visser is die aankomende “Kaffers” ’n terloopse gegewe waarby nie stilgestaan word nie – dus weer ’n inskryf teen die tradisie.

2.5 “’n Luilekkerland”

Luilekkerland het ’n geykte bestaan in minstens twee Nederlandse spreekwoorde. Die eerste is volgens die *Grote Nederlandse Larousse*: “Het is hier geen luilekkerland, waar de gebraden varkens met het mes in de rug lopen”, in detail voorgestel in Pieter Bruegel de Oude se skildery *Luilekkerland* of *Die land van Kokanje* (Frans: *Cocagne*) in 1567 (Glück 1936: 32) – die skildery wat ook ’n interteks is vir Adam Small (1981: 22) se gedig “Verbeel-Ding” met die onderskrif: “By Breugel se Land van Kokanje” in *Sê sjibbolet* (1963), met siniese waarnemings soos: “(E)lke vark bring die mes vir sy keel” en “my hoender loop gebraai in die skottel/ en bedien my met servet”. Die tweede spreekwoord is: “Om in luilekkerland te komen moet men door de rijstebrijberg eten” – dit is: om dit na ’n mens se sin te hê, moet ’n mens jou eers die nodige moeite getroos. Visser maak op ’n bepaalde leserskompetensie (*en kennis van die skilderkuns(?) en verbeeldingrykheid*) staat om Kanaän/ Lotosland/ Luilekkerland ruimtelik te laat saamval en die Bybel/ Tennyson/ Bruegel/ Gibbon/ Celliers die sosiolek te laat saampraat.

Hier is 'n effektiewe "uitstel van betekenis" rondom die ruimte, wat verder verryk word deur die betrek van ander tekste.

Die volgende voorbeelde is in konflik met H.J. Schutte (1978: 17) se bewering dat die verwysings na Langenhoven, Leipoldt en Malherbe "slegs sydelings met 'n geringe stekie na die skrywersaard" is. Wat na lukrake naamgoëlery mag klink, het elders 'n konkrete tekstuele bestaan:

2.6 "Leipoldtse lente"

In Leipoldt se digterlike debuut, *Oom Gert vertel en ander verse* (1953: 68) uit die jaar 1911, kom die bekende "Lenteliedjie" voor – weer 'n volgehoue hiperbool of oordrywing – waarin "al die velde" vrolik en een en al kleur, geur en beweging is. So is ook "Oktobermaand" (1953: 13) 'n lentelied oor die "mooiste, mooiste maand". Die aard van Leipoldt se lentesiening is natuurlik in die konteks van sy oeuvre 'n dispueteerbare saak – maar dit daar gelaat. Visser betrek minstens die idilliese ruimte van die spesifieke gedig "Lenteliedjie" eksplisiet.

2.7 "Malherbe se lande vol graan"

Ook dié verwysing is na 'n individuele teks te voer. In die bundel *Klokgrassies* (Malherbe 1917: ongepagineerd) kom die gedig "O lande vol graan" voor:

Vlakte aan vlakte, oor heuwels heen,
lande vol groen, vol golwende graan!

Verdere vrugbare kwaliteite by Malherbe is die sonlig se "stralende seën", "swellende saad", "miljoene" buigende blare, swellende are, 'n "borrelende bron" en so meer – 'n ryklik geallitereerde Kanaän in die klein met ongetwyfelde "Lotos-land"-eienskappe. By implikasie is Leipoldt en Malherbe se ruimtes ook *denkbeeldige* ruimtes, soos die tradisionele Luilekkerland.

2.8 "Trekkerswee"

Moontlik die mins gemotiveerde verwysing is dié na Totius se *Trekkerswee* (1915). In elk geval word die teenstelling met "wee" – "vet" – benadruk en is die woordspel deel van die herhaalde toepassing van die stylfiguur woordspeling in die gedig, soos: "Die rooibokke wei by die tente/ Net so mak soos die bok van 'n wa", die ontstaan van die naam "Vet-rivier" en die reeds genoemde "omruilings" ten opsigte van Celliers se woordkeuse.

Die gedig is in 1925 'n vroeë voorbeeld van wat Barthes (in Young (ed.) 1989: 39) 'n redistribusie van stukkies kodes, formules, ritmiese modelle en so meer noem – hier *bewustelik* aangehaal en op verskillende wyses geïmplementeer. As Réna Pretorius (1984: 53) "Lotos-land" bestempel as die eerste gedig in Afrikaans waarin die verwysingstegniek deurgaans as een van die belangrikste strukturelemente funksioneer, is die "verwysingstegniek" wesenlik 'n intertekstuele verwewing van tekste en kontekste – 'n *permutasie* van tekste, 'n mosaïek van sitasies, 'n assosiasienetwerk.

Met die opsetlike bybring van ander outeurs is “Lotos-land” die voorvader van ’n hele aantal gedigte wat dieselfde doen – nie altyd met dieselfde goedige erkenning nie. D.J. Opperman (1964: 21–30) se “Met apologie”-reeks is ’n ondeunde stukkie metateks met tiperende variante (in nabootsing van C.M. van den Heever, I.D. du Plessis, W.E.G. Louw, N.P. van Wyk Louw, Uys Krige, Elisabeth Eybers, Ernst van Heerden en S.J. Pretorius) op die “neutrale” teks wat ’n mens in Riffaterre se taal ’n *hipogram* kan noem:

Op ’n Sondagmiddag loop die weduwee Viljee
in swart geklee
met twee kolloehonde langs die see [.]

Breytenbach borduur vindingryk op Peter Blum (1978: 62) se “Ballade van getroude bemindes” voort (sonder eksplisiete erkenning van die digter) in sy “Ballade van ontroue bemindes” in (‘Yk’). Daar is by Breytenbach talle voorbeelde waar herkenbaar met N.P. van Wyk Louw en Opperman se gedigte in gesprek getree word. Dis egter T.T. Cloete wat die nouste by Visser aansluit in *Jukstaposisie* (1982) in gedigte soos “Leipoldt 100” (p. 19), “Hommage à CM vd Heever” (p. 21) en veral “N.a.v. FvdH WEGE en JFEC” (p. 22), met Visseriaanse sametrekings soos “die lekker boerwees/ van W.E.G. Louw” en “Jan F.E. Celliers se opgeskroefde gesuur”. Die gemeenskaplike is die inkorporering van ’n literêre milieu. Cloete is net duideliker kritikus in sy gedigte. Visser laat die oordeel aan die leser oor en gebruik die tekste waarna verwys word as bydrae tot die geskakeerde ruimte in sy gedig.

Daar is dikwels oor “Lotos-land” geskryf en telkens nuwe fasette van die gedig raakgesien. ’n Mens kan Visser met die wins van die eietydse literatuurteorie krediet gee vir – in die taal van ons tyd – ’n bewuste, berekende struktureringsprinsipe, waarby outeur en leser aktief is. Die leser in die negentigerjare kan nog na Visser teruggaan en met die *genot* wat Marais as voorwaarde stel, ontdek dat ’n enkele gedig die hele web laat roer: van die Bybel tot Visser se *en* ons tydgenootlike letterkunde; van Homeros tot Tennyson; van die idioom tot die skilderkuns – terwyl daar intrigerende “oop plekke” bly.

Aantekeninge

1. D.J. Opperman (1974: 8–18) gee in *Burger*-artikels (16, 20 en 23 Augustus 1958) ’n oorsig oor “hoe die ouer kritiek en bloemlesings Visser verder behandel het”.
2. Opperman & Nienaber (1968: 105–106) lê die verband met die *Odusseia* en Tennyson se gedig “The Lotos-Eaters”. Kannemeyer (1978: 253) noem dat “Lotos-land” in die voorstelling van die land “iets verskuldig is aan Homeros”.
3. Kannemeyer (1978: 253) merk op dat “Lotos-land” “regstreeks (tot selfs die skynmoralisasie aan die slot toe) gebaseer is op Perceval Gibbon se verhaal ‘Piet Naudé’s Trek’ uit *The Vrouw Grobelaar’s Leading Cases* (1905)”. Opperman & Nienaber (1968: 106–109) gee die Engelse teks van Gibbon se verhaal volledig.
4. H.J. Schutte (1978: 13–21) skryf uitvoerig oor “Visser as parodiemaker” en gee ook aandag aan “Lotos-land”.
5. Louw (1979: 24) vat die verwysings maklik saam as kommentaar op “die ‘nasionale’ natuurbeskrywing van Jan Celliers, die ‘blote’ natuurbeskrywing van D.F. Mal-

herbe, die 'nasionaal-historiese' verhalende gedigte soos Totius se *Trekkerswee*, *Potgieter's Trek*, Leipoldt se *Dingaansdag*". Kannemeyer (1978: 253) sê Visser speel met 'n hele stuk Afrikaanse literatuur: Jan Celliers se "volkse" uitbeelding van die os, Langenhoven se "statiese essays", Malherbe en Leipoldt se land-skapsienings en die epiek van die volk se geskiedenis en lyding soos onder meer deur Totius (*Trekkerswee*) beoefen.

Verwysings

- A.G. Visser-bibliografie
 1977 *Tydskrif vir letterkunde* XV(4): 61–74.
- Abrams, M.H.
 1971 *A Glossary of Literary Terms*. 3rd ed. New York: Holt.
- Beukes, G.J. & Lategan, F.V.
 1956 *Skrywers en rigtings*. 2e druk bygewerk. Pretoria: Van Schaik.
- Blom, Jan
 1970 *Lotus*. Johannesburg: Buren.
- Blum, P.
 1978 *Steenbok tot Poolsee*. 2e uitgawe. Kaapstad: Tafelberg.
- Breytenbach, B.
 1983 ('Yk'). Johannesburg: Taurus.
- Celliers, J.F.E.
 1933 *Die vlakke en ander gedigte*. 8ste druk. Kaapstad: Nasionale pers.
- Cloete, T.T.
 1982 *Jukstaposisie*. Kaapstad: Tafelberg.
- Culler, J.
 1981 *The Pursuit of Signs*. London: Routledge & Kegan Paul.
- Dekker, G.
 1947 *Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. 4e druk bygewerk. Kaapstad: Nasionale pers.
 1961 *Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. 6e druk om- en bygewerk. Kaapstad: Nasionale boekhandel.
- Du Toit, J.D. (Totius)
 1962 *Versamelde werke. Deel VIII*. Johannesburg: Dagbreek.
- Eco, U.
 1983 *The Role of the Reader*. 2nd ed. London: Hutchinson.
- Gibbon, P.
 1905 *Transvaalsche vertellings van Vrouw Grobelaar*. Zaltbommel: Van de Garde.
- Glück, G.
 1936 *De schilderijen van Pieter Bruegel den oude*. Antwerpen: Van Ditman.
- Grote Nederlandse Larousse Encyclopedie*.
 Deel 15. 's-Gravenhage: Scheltema.
- Grové, A.P.
 1978 A.G. Visser: groeipunte in sy poësie. *Tydskrif vir letterkunde*. XVI(3): 9–12.
- Kannemeyer, J.C.
 1978 *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur*. Band 1. Kaapstad: Academica.

- Keet, A.D.
1922 *Gedigte*. 2e druk. Amsterdam: Swets & Zeitlinger.
- Kristeva, J.
1980 *Desire in Language*, edited by S. Roudiez. New York: Columbia University Press.
- Lachmann, R.
1983 Intertextualität als Sinnkonstitution. *Poetica* 15(1–2): 66–107.
- Langenhoven, C.J.
1921 *Eerste skoffies op die pad van Suid-Afrika*. Kaapstad: Nasionale pers.
1950 *Sonde met die bure*. 26e druk. Kaapstad: Nasionale pers.
- Leipoldt, C.L.
1925 *Dingaansdag*. 2e uitgaaft. Pretoria: Van Schaik.
1953 *Oom Gert vertel en ander gedigte*. 5e druk, hersien. Kaapstad: Nasionale boekhandel.
- Louw, N.P. van Wyk
1954 *Lojale verset*. 2e druk. Kaapstad: Nasionale boekhandel.
1979 *Opstelle oor ons ouer digters*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Malherbe, D.F.
1917 *Klokgrassies*. 2e uitgawe. Bloemfontein: "Het Volksblad".
1939 *Afrikaanse letterkunde: 'n Bloemlesing*. 8e druk, bygewerk. Bloemfontein: Nasionale pers.
- Morgan, T.E.
1985 Is there an Intertext in this Text? *American Journal of Semiotics* 3(4): 41–55.
- Odendal, F.F. (hoofred.)
1979 *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*. 2e uitgawe. Johannesburg: Perskor.
- Opperman, D.J.
1964 *Kuns-mis*. Kaapstad: Human & Rousseau.
1974 *Naaldekoker*. Kaapstad: Tafelberg.
- Opperman, D.J. & Nienaber, C.J.M.
1968 *Dubbelloop*. 2e druk. Kaapstad: Nasionale boekhandel.
- Pretorius, R.
1984 *Ryk domeine*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Ricks, C. (ed.)
1987 *The Poems of Tennyson*, vol 1. 2nd ed. London: Longmans.
- Riffaterre, M.
1980 Syllepsis. *Critical Inquiry* Summer: 623–638.
1983 *Text Production*, translated by Teresa Lyons. New York: Columbia University Press.
- Scholes, R.
1982 *Semiotics and Interpretation*. New Haven: Yale University Press.
- Scholtz, Merwe (red.)
1981 *A.G. Visser: Versamelde gedigte*. Kaapstad: Tafelberg.
- Schutte, H.
1978 Visser as parodiemaker. *Tydskrif vir letterkunde* XVI(2): 13–21.
- Small, A.
1981 *Sê sjibbolet*. 2e uitgawe, 2e druk. Johannesburg: Perskor.
- Stigting NALM
1977 *A.G. Visser in beeld: gedenkalbum*. Johannesburg: Perskor.

- Todorov, T. (ed.)
1982 *French Literary Theory Today*, translated by R. Carter. London:
Cambridge University Press.
- Van Gelder, J. (red.)
1959 *Homerus Odyssee*. Den Haag: Bakker.
- Van Rensburg, F.I.J. (samest.)
1978 *Roos en lanset: 'n keur uit A.G. Visser*. Pretoria: Van Schaik.
- Visser, A.G.
1926 *Gedigte*. 2e druk. Pretoria: Van Schaik.
- Young, R. (ed.)
1981 *Untying the Text*. Boston: Routledge & Kegan Paul.